**Sondag, 8 September 2024**

**Hoe dit steeds kán wees...**

*"'Maar jy, na jou God moet jy terugkeer. Lê jou toe op troue liefde en wat reg is, en wag altyddeur op jou God...'*
*Daarom sal hulle word soos 'n môrewolk, soos dou wat vroeg verdwyn, soos kaf wat van die dorsvloer, soos rook wat uit 'n venster, weggewaai word...*
*'Ek is die Here jou God – al van Egipteland af. Buiten My het jy geen ander god geken nie, en naas My was daar geen redder nie....'*
*Die sondeskuld van Efraim is toegebind, sy sonde word veilig bewaar.*
(Hosea 12:7 en 13:3, 4 & 12)

Die huwelik tussen God en sy ontroue volk, waarvan die huwelik tussen Hosea en Gomer die metafoor was, is hier in Hosea 12 en 13, by wyse van spreke, in die huweliksberader se spreekkamer. Hierdie verhouding is in die moeilikheid en daarom word die opsies een na die ander op die tafel uitgepak. Daar is steeds hoop dat God se volk, wanneer sy haar opsies sien, tog sal besluit om reg te kies, sal besluit om met haar hele hart na God terug te kom. Die twee hoofstukke beweeg heen en weer, wat tyd betref, tussen dit wat was, dit wat is, dit wat gaan wees en dit wat steeds kán wees.

In hierdie huweliksberader se spreekkamer word, in die eerste plek, in herinnering geroep hoe hierdie verhouding in die vroeër dae gelyk – hoe dit was. Ons vind terugflitse na Jakob se worsteling met die God by die Jabbokrivier(12:4). Dikwels hoor ons die refrein, *"Ek is die Here jou God – al van Egipteland af*"(12:10; 13:4). God herinner Israel aan hulle bevryding uit die slawetyd in hulle geskiedenis, die tyd toe hulle wonders en versorging in die woestyn beleef het. In die tweede plek hoor ons hoe dit is. Hoe hierdie verhouding tans daar uitsien. Hierdie verhouding word vanaf die kant van God se volk gekenmerk deur leuens en bedrog (12:1). Die volk is geestelik en moreel bankrot (12:12). Hulle gaan eenvoudig voort met sonde teen God (13:2). Die derde halte in hierdie proses van hoofstuk 12-13 is 'n kykie in die toekoms, met ander woorde, hoe dit gaan wees, sou God se volk op hierdie weg voortgaan. God gaan sy volk tot verantwoordiging roep (12:3). God se volk gaan uiteindelik kry wat hulle verdien, hulle gaan oes wat hulle geplant het. In plaas daarvan dat God hulle sonde vergewe gaan hy dit versamel (13:12). Die laaste halte is die moontlikheid van genade, hoe dit steeds kan wees. Die opsie van genade is steeds op die tafel, maar daar is voorwaardes (12:7).

Na alles is daar slegs een van twee opsies vir hierdie huwelik, oordeel of genade. Wat sou God se volk kies?

**– ds. Johan Marais**

Hartlik welkom by ons eredienste vanoggend gelei deur ds. Johan Marais en ons orrelis, dr. Johan Cromhout in die kerk; die gesinsdiens in die saal deur ds. Janke Hurter.
Welkom ook aan alle besoekers en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel.
Ons nooi almal uit om ná die erediens 'n koppie koffie of tee in die binnehof.

**LITURGIE**

| | |
|---|---|
| **Toewyding:** | Lied 285:1 & 2 O God, so groot in heerlikheid |
| **Votum:** | Ps 65:5 *"Gelukkig is die mens vir wie U uitkies...* |
| **Seëngroet:** | |
| **Loflied:** | Lied 203:1, 2, 3 & 5 Loof die Here, al wat lewe |
| **Wet:** | Deut. 5:6-21 |
| **Verootmoediging:** | Lied 232:1 & 2 Diep, o God, diep neergeboë |
| **Vryspraak:** | Rom. 8: 33-34 Wie sal die uitvekorenes…aankla? |
| **Gebed** | Lied 266:1 Ons Vader wat woon in die hemel |
| **Skriflesing:** | Hosea 12 & 13 |
| **Woordverkondiging:** | Tema: Hoe dit steeds kán wees... |
| **Gebed:** | |
| **Geloofsbelydenis:** | Ek glo in God die Vader, die Almagtige… |
| **Liefdegawes** | |
| **Slotlied:** | Lied 205:1, 2 & 3 Bring lof aan die Vader |
| **Seën:** | |

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 8 Sept | 15:00 – Teol. Std. Steve Poapne (Sothodiens) |
| | 18:00 – Me. Jani van Biljon: *"Bywoners by God..."* (Preek v/d Leek) |
| Sondag, 15 Sept | 09:30 – Ds. Jan Lubbe (Gesamentlik: Lentelofprysing) |
| | 15:00 – Teol. std. Steve Popane (Sothodiens) |
| | 18:00 – "Dr. Bert en Vriende!" Aand van Orrel- & instrumentale musiek en samesang – kom ondersteun ons Orrelfonds (sagte kollekte). |
| Sondag, 22 Sept | 09:30 – Ds. Johan Marais |
| | 15:00 – Teol. std. Steve Popane (Sothodiens) |

**Ons Kategese vir die 3e kwartaal sluit volgende Sondag, 15 September af (gewone tyd en plek; Juniors ná die kinderverhaal in die oggenddiens; Seniors ná die diens).**

*Geagte gemeente,*

*My hartlikste dank vir jul gelukwense, boodskappe en blyke van omgee die afgelope week met my 60ste verjaarsdag – ek waardeer dit ongelooflik, en is bevoorreg om jul as 'n geloofsfamilie, vriende en medepelgrims saam op my lewenspad te mag hê. Dankie, en tot weersiens – Jan Lubbe.*

## MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

| | |
|---|---|
| 08 Sept | Jan-Daniël Adendorff, Lindi Grobler, Hanneke Lubbe, Christiaan Meyer, Justus Rabie en Sunel Swart. |
| 09 Sept | Janco Pretorius en Levi von Wielligh. |
| 10 Sept | Gerhard Adendorff, Jaco Buys, Hannetjie Dippenaar, Johan du Raan, Meliza Grimbeek, Benita Hancke en Lize Loots. |
| 12 Sept | Jaco Engelbrecht, Karin Harris en Teresa Zietsman. |
| 13 Sept | Jan Berry, Sunique Boshoff, Uli Maritz, Theuns Mulder en Huibrecht van der Westhuizen. |
| 14 Sept | Karla Loots en Hannah Smith. |

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Tannie Anna v/d Westhuizen (Serenitas 133, wyk 15b); Yvonne du Toit (Flemmingpark D5, wyk 14); Elmien Thom (Barend Wessels 48, Langenhovenpark); Jorrie Jordaan (Rietpunt 6, wyk 19a); Tannie Barbara Henzen (Serenitas 12, wyk 15a); Oom Hendrik Smith (Striata 35, wyk 13a); Tannie Erna Gouws (Serenicare, wyk 15a) en Tannie Corrie Bezuidenhout (Siësta, Wyk 10).

## BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.
Woensdagaand-Bybelstudiegroep (19:00) in die Konsistorie: "*'n Dankbare lewe*" (uit die Heidelbergse Kategismus; oor die 8e woord vir 'n gelukkige lewe – Respek vir lewens-ruimte). Kontak ds. Jan Lubbe (082 784 9362) indien jy wil inskakel.
Woensdagaand 'Lighthouse'-Bybelstudiegroep vir jongmense 19 tot 30: Om in te skakel en vir meer besonderhede, kontak ds. Janke Hurter (078 894 9166).
Donderdagoggend-Bybelstudiegroep (09:00) in Konsistorie: *"In Jesus se voetspore"* (uit die Evangelies). Kontak ds. Johan Marais (084 517 8052) om in te skakel.

## KERKRAADSAKE

Vir Pastorale Sorg:
As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe...
Kontak gerus ds. Johan Marais (084-517-8052) wat ons pastorale werk koördineer of maak 'n afspraak met een van ons leraars.

## EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE

Die erediensskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/projek vir die betrokke Sondag – vanoggend, 8 September: **Gemeentehulp.**
U kan 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per snapscan (hiernaas) na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632 005)**.

SnapScan

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:**
In September sorg **Wyke 15** (Serenitas & Gratias) en **16** (Kiepersol Area) vir ons gasvryheid Sondae met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope Shelter. Indien jy wil help, skakel die Kerkkantoor (073 180 3193). Dankie aan Wyke 14 en 18 vir jul bediening in Augustus!

## BERG-EN-DAL KERMIS 2024 – VRYDAG, 13 SEPTEMBER




Ons is minder as 'n week weg van Boereplaas! Ons kort egter nog –

**Helpers @ ...**
Potjiekos, Kerrie-en-Rys, Pannekoek, Vleistafel, Lekkergoed en vir die uitpak van boeke en die snuffeltafel; ook beamptes by die Padwedloop...

**Bestanddele vir…**
**Potjiekos** (groente – wortels, butternut, uie, rys, stampmielies)
**Kerrie-en-Rys** (uie, wortels, appelkooskonfyt, blatjang, suiker, asyn, sout, peper, klapper, witrys)
**Poeding** (vla, jellies, gebakte poeding)
**Lekkergoed** (lekkers, skyfies, springmielies)
**Gebak** (nog baie grootkoeke, terte en beskuit benodig – bak, bak, bak asb; as jy 'n koek- of terthouer kort om ín te bak, kom kry by die kerkkantoor!)

**Snuffeltafel:** Enige bruikbare, tweedehandse goed wat in jou pad staan tuis...
**Tuin- en plantetafel:** Bring saailinge, steggies, bolle, enigiets groen en groeiend...
**Boeke:** Enige boeke wat jy klaar gelees het of nog wóu lees…

**Voorafbestelling vir Middagetes:**
Kerrie & Rys, Worsbroodjies, Potjiekos, Pannekoek en Poeding kan vooraf by die Kerkkantoor bestel word, ook vir jou personeel en werksmense – sien die ingeslote vorm vanoggend. Bestellings kan vanaf 12:00 op Vrydag, 13 September afgehaal word.

**Padwedloop en Pretdraf om 18:00**
Inskrywings sal by die kerkkantoor of aanlyn beskikbaar wees; skenkings vir pryse nog benodig!

**KERMISKOMITEE: FINALE VERGADERING** – Maandag, 9 September 18:00.